

# Leer Engels saam met jou Kinders en Tieners: Oefen om te parafraseer met ‘n nuwe speletjie



Om eers ‘n speletjie soos “Paraphrasing” te maak en dan te speel kan ‘n prettige manier wees om hierdie nuttige kommunikasiestrategie te oefen wat help om mondelikse taalprobleme te bowe te kom.

Deur [Kate Will](#), Getrouheidskoördineerder, Iowa Leesnavorsingsentrum  
Geplaas op: 22 Februarie, 2022

*Redakteur se nota: Om saam te leer kan u kind en tiener se Engelse taalvaardigheid verbeter sowel as u eie. Hierdie plasing is deel van ‘n voortdurende reeks wat ontwerp is om versorgers wie Engelse leerders is te help om geleenthede te vind om Engels vir die familie te leer in hul daaglikse lewens.*

Beide Engelse leerders en moedertaalsprekers sukkel dikwels om ‘n gesproke boodskap oor te dra. In hierdie gevalle is daar ‘n gaping tussen die bedoelde boodskap en die spreker se taalkennis of uitvoering. In hierdie konteks is ‘n *kommunikasiestrategie* ‘n spreker se poging om hierdie gaping toe te maak deur hul beskikbare taalhulpbronne te gebruik (Maleki, 2007). Algemene kommunikasiestrategieë sluit die gebruik van parafraseer, [vertaling](#), [kodewisseling](#), [mimiek](#) en om hulp te vra in. Al gebruik almal kommunikasiestrategieë is dit veral belangrik vir Engelse leerders (Dörnyei, 1995; Maleki, 2007). Dit is te verstane dat kommunikasieprobleme onvermydelik sal wees as deel van die proses om ‘n nuwe taal aan te leer (bv., om ‘n verkeerde woord te gebruik, gebrek aan woordeskat om ‘n gewenste boodskap oor te dra). In hierdie oomblikke is dit



belangrik dat Engelse leerders toegerus is met die nodige kommunikasie-strategieë om hul bedoelde boodskap oor te dra.

Parafrasering is 'n nuttige kommunikasie-strategie wat Engelse leerders kan gebruik om die gapings in hul taalkennis of uitvoering teë te werk. In hierdie konteks gebeur *parafrasering* wanneer 'n spreker 'n onbekende woord vervang of beskryf met ander woorde wat die spreker ken. Een soort parafrasering is approksimasie – wanneer 'n spreker een woord met 'n ander vervang wat ongeveer dieselfde betekenis het as die verlangte woord. Om die woord “mug” met “glass” te vervang sou 'n voorbeeld wees van approksimasie. Al het die vervangde woord nie presies dieselfde betekenis as die bedoelde woord nie sal die luisteraar moontlik die volledige boodskap deur die konteks kan verstaan.

*Perifrase* is nog 'n voorbeeld van parafrasering waar die spreker volledige frases gebruik om die karaktereenskappe van die bedoelde woord te beskryf. Byvoorbeeld, as 'n spreker nie die woord vir “mug” kan onthou nie kan hulle dalk sê, “it’s like a glass, but it’s used for drinking hot coffee and tea.” Indien die beskrywing informatief en akkuraat genoeg is, sal die luisteraar moontlik die spreker met die korrekte woord kan verskaf.

Deur hierdie strategieë in 'n lae-belang konteks, soos 'n speletjie, te oefen kan help dat Engelse leerders meer voorbereid voel en meer selfvertroue het wanneer kommunikasieprobleme in werklike interaksies plaasvind (Dörnyei, 1995). Kom ons kyk na 'n nuwe speletjie genaamd “Paraphrase” wat versorgers en opvoedkundiges met kinders kan gebruik om hulle te help om parafrasering te oefen.

## Hoe om “Paraphrase” te maak

Die speletjie gebruik 'n pak kaarte met Engelse selfstandige naamwoorde. Elke selfstandige naamwoord het die naam van 'n persoon, plek of ding (bv. “dentist”, “snow”, “spoon”). Ek het in 'n vorige blogplasing beskryf hoe om 'n pak paarte met selfstandige naamwoorde vir die speletjie “Word Match” gemaak word. Anders as die selfstandige-naamwoordkaarte wat in Word Match gebruik word moet die Paraphrase selfstandige-naamwoordkaarte nie 'n omskrywing van die selfstandige naamwoord insluit nie. Maar, indien u reeds die Word Match kaarte gemaak het kan u besluit om dieselfde selfstandige naamwoorde te gebruik om 'n nuwe pak kaarte te skep wat nie die omskrywings insluit nie.

Om die speletjie te maak kan u begin deur ons kaartsjabloon op geperforeerde kartonpapier of die papier van u keuse uit te druk. Anders sal 'n pak indekskaarte of klein stukkies papier ook werk. Laat u kinders aan Engelse selfstandige naamwoorde dink en

[iowareadingresearch.org](http://iowareadingresearch.org)




@IAReading |



@iowareadingresearchcenter

dan een selfstandige naamwoord op elke selfstandige-naamwoordkaart skryf. Voorbeelde van selfstandige-naamwoordkaarte word in Figuur 1 gewys.

### Figuur 1. Voorbeeld van Selfstandige-naamwoordkaarte



U kan die volgende vrae vra om idees te genereer:

- Waar is ons gunsteling plekke om heen te gaan?
- Waar is sommige plekke waarheen jy graag sou wil gaan in die toekoms?
- Wie is sommige van die mense wat jy deur die dag sien?
- Wie is sommige mense wat jy graag sou wil ontmoet?
- Wie is jou gunsteling karakters van flieks of televisie?
- Wat is jou gunsteling soort kos, sport, boeke, flieks of televisiereekse?

### Hoe om “Paraphrase” te speel

Paraphrase kan op twee verskillende maniere gespeel word: een manier vereis dat spelers selfstandige naamwoorde effektief parafraseer deur perifrasedegtegnieke te gebruik, en die ander gebruik approsimasiedegtegnieke sodat ander spelers die bedoelde woorde kan raai.

### Perifrasedegtegnieke Weergawe (Drie of Meer Spelers)

In die perifrasedegtegnieke weergawe wend spelers ‘n poging aan om ‘n selfstandige naamwoord te beskryf deur frases te gebruik sodat ander spelers dit kan raai. Om die speletjie te kan speel moet die selfstandige-naamwoordkaarte met die bokant na onder tussen die spelers geplaas word. Die eerste speler kies ‘n kaart vanuit die bokant van die pak en lees dit stilweg terwyl hy/sy seker maak dat die ander nie die kaart sien nie. Die speler begin die selfstandige naamwoord te beskryf wat op die kaart geskryf is sonder om die selfstandige naamwoord self in die beskrywing te gebruik. Byvoorbeeld, indien die woord

[iowareadingresearch.org](http://iowareadingresearch.org)



## Student Reading Success Through Research and Collaboration

“snow” was, sou die speler kon sê, “it falls from the sky in the winter.” Die ander spelers kan dan hul raaiskote hardop deel. Die eerste speler wat die selfstandige naamwoord reg raai ontvang ‘n punt saam met die speler wat suksesvol die selfstandige naamwoord beskryf het. Spelers gaan voort om beurte te maak om die selfstandige naamwoorde te beskryf en te raai tot al die kaarte getrek is. Die speler met die meeste punte wen die speletjie.

U kan die reëls soos nodig aanpas om elke speler se vaardigheidsvlak tegemoet te kom. Byvoorbeeld, u kan beginners toelaat om drie kaarte op ‘n slag te trek en die kaart te kies was hulle graag sou wou beskryf. Dit sal verhoed dat spelers sukkel en mismoedig raak deur woorde wat hulle nie ken nie. Vir gevorderde spelers kan u ‘n tydhouer gebruik om die aantal tyd wat hulle het om die woord op die kaart te beskryf te beperk. Dit sal spelers aanmoedig om elke woord so effektief as moontlik te beskryf.

### **Approksimasie Weergawe (Vier of Meer Spelers)**

In die approksimasie weergawe van die speletjie verskaf spelers eenwoord-leidrade om hul spanmaats te help om die selfstandige naamwoord op die kaart te raai. Verdeel die spelers gelykop in twee spanne om die speletjie te speel. Die selfstandige-naamwoordkaart moet met die bokant na onder tussen die twee spanne geplaas word. Elke span sal een speler kies om die leier te wees vir die eerste rondte. Besluit watter span eerste sal speel en as Span 1 gaan speel. Die leier van Span 1 sal ‘n kaart vanuit die bokant van die pak trek en dit stilweg lees terwyl hy/sy versigtig is om nie die kaart vir die ander te wys nie. Die leier van Span 1 sal vir die ander spelers in die span ‘n eenwoord-leidraad gee. Die woord moet ‘n woord wees wat betrekking het tot die selfstandige naamwoord op die kaart. Byvoorbeeld, indien die selfstandige naamwoord op die kaart “taxi” was, kan moontlike leidrade “cab” of “car” wees omdat hierdie woorde ongeveer dieselfde betekenis as “taxi” het. Die ander spelers in die span wend ‘n poging aan om die selfstandige naamwoord op die kaart te kies gebaseer op die leidraad. As hulle dit reg raai sal die span ‘n punt kry. Span 1 kry slegs een raaiskoot. Indien die span reg raai sal hulle ‘n punt ontvang. As hulle raaiskoot verkeerd is het Span 2 die geleentheid om die punt te steel. Die leier van Span 1 sal die selfstandige-naamwoordkaart aan die leier van Span 2 oorhandig. Die leier van Span 2 sal dan nog ‘n eenwoord-leidraad aan hul span gee. Die ander spelers in Span 2 sal dan ‘n poging aanwend om die selfstandige naamwoord te raai. Indien hulle reg raai sal hulle ‘n punt ontvang. As hulle verkeerd is sal Span 1 nog ‘n beurt kry. Beurte wissel tussen spanne tot een van die spanne dit regkry om die selfstandige naamwoord te raai en die punt te verower. ‘n Nuwe leier word dan vir elke span gekies en die tweede rondte begin met Span 2.





## Bywerkings om Alle “Paraphrase” Spelers Temoet te Kom Gebruik die Eerste Taal

Voordat u Paraphrase in die spelers se tweede taal speel sal dit dalk behulpsaam wees om met hul eerste- of moedertaal te begin. Deur ‘n paar rondtes in die eerste taal te speel sal die spelers help om die reëls te verstaan en gemaklik te raak met die nuwe speletjie. Die spelers gebruik waarskynlik reeds kommunikasie-strategieë in hul eerste taal sonder om dit te weet. Omdat baie van hierdie strategieë oorgedra kan word na die tweede taal is dit belangrik om die Engelse spelers bewus te maak van die strategieë wat reeds in hul repertoire is.

Terwyl die perifrasede weergawe van Paraphrase in die eerste taal gespeel word, vra spelers om aandag te gee aan die soort woorde en sinstrukture wat ander spelers gebruik wanneer hulle leidrade gee. Byvoorbeeld:

- “Dit is soortgelyk aan ‘n...,”
- “Dit word gebruik vir...,”
- “Dit is ‘n tipe...,”

U kan hierdie inligting gebruik om ‘n lys nuttige woorde en frases te genereer wat verband hou met parafrasering in die eerste taal. Probeer saam ekwivalente woorde en frases in die tweede taal vind. U kan uiteindelik probeer om hierdie woorde en frases op hul gebruike te kategoriseer, (bv., deur vergelykings te maak, teenstellings te maak, dit te omskryf, voorbeelde verskaf, ens.). Spelers kan hierdie lys vir ondersteuning gebruik wanneer hulle in hul tweede taal begin speel.

## Verskaf Sinsrame

Perifrasede gebruik sekere basiese woordeskat en sinstruktuur herhaaldelik. Wanneer u die perifrasede weergawe van Paraphrase speel kan dit behulpsaam wees om spelers met sinsrame te voorsien vir ondersteuning. Met meer oefen sal spelers naderand nie die sinsrame nodig hê nie want hul antwoorde sal meer outomaties word. Gebruik die sinsrame hier onder as riglyne. U mag wel besluit om nog by hierdie lys te voeg gebaseer op die nuttige woorde en frases wat u vroeër gegeneer het.



**Figuur 2. Sinsrame Voorbeelde**

Strategie	Sinsraam	Sin Voorbeeld
Om te vergelyk	Dit is soortgelyk aan _____. Dit is soos 'n _____.	<b>selfstandige naamwoord:</b> handskoen Dit is soortgelyk aan 'n <b>moffie</b> . Dit is soos 'n <b>moffie</b> .
Om teenstellings te maak	Dit is die teenoorgestelde van _____. Dit is nie 'n _____.	<b>selfstandige naamwoord:</b> oggend Dit is die teenoorgestelde van <b>aand</b> . Dit is nie <b>aand</b> nie.
Om te beskryf	Dit word gebruik om _____. Dit het _____.	<b>selfstandige naamwoord:</b> koppie Dit word gebruik om <b>koffie mee te drink</b> . Dit het 'n <b>handvastel</b> .
Om te omskryf	Dit is ook bekend as _____. Dit is 'n soort _____. Dit is 'n tipe _____.	<b>selfstandige naamwoord:</b> taxi Dit word ook 'n <b>huurmotor</b> genoem. Dit is 'n soort <b>kar</b> . Dit is 'n tipe <b>kar</b> .
Om voorbeelde te verskaf	Sommige voorbeelde is _____.	<b>selfstandige naamwoord:</b> blomme Sommige voorbeelde is <b>rose, tulpe en madeliefies</b> .

### Evalueer en Reflekteer op Strategieë

Die speletjie bied 'n geleentheid vir Engelse leerders om nie net self kommunikasiestrategieë te oefen nie, maar ook om te hoor hoe ander dit gebruik. Elke speler sal waarskynlik 'n effens anderse benadering hê wanneer perifrased gebruik word. Sommige spelers sal dit verkies om 'n omskrywing te verskaf wat soortgelyk is aan 'n woordeboek, waar ander spelers dit dalk sal verkies om voorbeelde te verskaf. Soos spelers die strategieë hoor wat ander gebruik kan hulle die effektiwiteit van daardie strategieë evalueer. Byvoorbeeld, spelers mag dalk agter kom dat hulle vinniger onbekende woorde kan raai wanneer hulle 'n voorbeeld gegee word in plek van 'n omskrywing. Dit kan dalk behulpsaam wees om spelers se aandag te trek na dit wat strategieë suksesvol maak. Tussen beurte kan u spelers vra:

- Was daardie woord maklik of moeilik om te raai?
- Wat het dit maklik gemaak om te raai?
- Wat het dit moeilik gemaak om te raai?





Om op hul eie strategie te reflekteer kan spelers help om strategieë meer effektief te gebruik.

### Kommunikasiestrategieë

Om die gebruik van kommunikasiestrategieë deur oefening te verbeter kan moontlik Engelse leerders help om 'n gesprek vol te hou sonder dat hulle gefrustreerd raak of opgee (Maleki, 2007). Verder is dit bewys dat opleiding in kommunikasiestrategieë spraaktempo en mondelikse vlotheid van leerders van taal verbeter (Dörnyei, 1995). Dit kan wees omdat kommunikasiestrategieë die sprekers 'n manier bied om kommunikasieprobleme die hoof te bied wat anders sou lei tot huiwerings, pouses, of opgee. Wanneer Engelse leerders met kommunikasiestrategieë toegerus is sal hulle dalk vind dat hulle kommunikasieprobleme op hul eie kan oplos sonder dat hulle ander se hulp nodig het. Hierdie vermeerde selfverstandigheid kan moontlik Engelse leerders se motivering en selfvertroue verbeter wanneer hulle hul tweede taal gebruik (Maleki, 2010).

Om daar en dan vir die regte woord te soek kan stresvol wees vir enigiemand, veral Engelse leerders. Om parafrasingvaardighede te verbeter deur dit oefen terwyl speletjies gespeel word kan van daardie stress verlig. Deur woordleer-speletjies saam met u kinders te maak en te speel maak die ervaring meer kosbaar en onvergeetlik vir almal.

### Aanvullende Materiaal vir Families

#### Paraphrase

U kan op hierdie drukbare kaarte (versoenbaar met sekere geperforeerde kaartblaaië) druk om selfstandige naamwoorde kaarte vir Paraphrase te maak. Instruksies vir hoe om die speletjie te maak en te speel is ingesluit.

### Bronne

Dörnyei, Z. (1995). On the teachability of communication strategies. *TESOL Quarterly*, 29, 55–85. <https://doi.org/10.2307/3587805>

Maleki, A. (2010). Techniques to Teach Communication Strategies. *Journal of Language Teaching and Research*, 1, 640–646. <https://doi.org/10.4304/jltr.1.5.640-646>

Maleki, A. (2007). Teachability of communication strategies: An Iranian experience. *System*, 35, 583–594. <https://doi.org/10.1016/j.system.2007.04.001>

[iowareadingresearch.org](http://iowareadingresearch.org)

 @IAReading |  @iowareadingresearchcenter



## Sleutelwoorde

**Parafrasering** – In die konteks van mondelikse taal beskryf of vervang die spreker 'n onbekende woord met ander bekende woorde.

**Vertaling** – In die konteks van mondelikse taal leen die spreker 'n woord of frase van 'n ander taal om 'n onbekende woord te omskryf, beskryf of te vervang.

**Kodewisseling** – 'n Spreker wissel tussen tale binne of tussen sinne.

**Mimiek** – 'n Spreker gebruik nie-verbale strategieë soos gebare om 'n onbekende woord voor te stel.

**Approksimasie** – In die konteks van mondelikse taal is dit 'n tipe parafrasering waar 'n spreker 'n onbekende woord vervang met 'n ander een wat nagenoeg dieselfde betekenis het.

**Perifrasering** – In die konteks van mondelikse taal is dit 'n tipe parafrasering waar 'n spreker volledige frases gebruik om die karaktereenskappe van 'n onbekende woord te beskryf.